’n Middelaar soos geen ander nie

Preek: Matteus 3: 13 - 17 & Sondag 6
Teksvers: Matteus 3: 17

1. Inleiding

Vanoggend in ons leerdiens, wil ons dieper fokus op die leer van die twee nature van Jesus Christus. Op die oor af klink dit baie ingewikkeld, maar tog is dit die hart van die evangelie wat ons glo. Dit is natuurlik daardie ou eienskap wat die Christelike geloof ook uniek maak, tussen al die ander vals gelowe. Die is daardie eienskap wat vir ons in ’n mensgesentreerde samelewing vreemd en soms moeilik om te verstaan is.

As ons bietjie verder uit fokus, dan vorm dit ook die middelpunt van die evangelie en die Bybel. Alles in die Christelike geloof draai om die persoon van ons Here Jesus Christus. En ons weet, soos ons ook vandag veral bely in die Sondag 6, dat Christus ten volle mens was en ten volle God. Fisies word Christus ten volle mens met Sy geboorte uit die maagd Maria. Goddelik bestaan Hy natuurlik nog altyd, want daar is tog geen begin en einde aan God nie.

Maar geestelik knoop die dinge rondom hierdie waarhede saam in hier in vers 13 tot 17 van Mattues 3. Dit knoop saam rondom ’n bekende gebruik in die geloofswêreld, die sakrament van die doop. Natuurlik sou Christus ook aan hierdie sakrament ’n heel nuwe betekenis kom gee, in Sy verlossende sterwe en opstandig. Tog was die proseliete doop wat Johannes bedien ’n belangrike komponent in die geloofslewe van mense. Dit is immers ook opgeteken in die skrif vir ons.

Ons gaan vandag in hierdie preek sien hoe hierdie doop van Christus vir ons sekere sake openbaar rondom die persoon, van ons Here Jesus Christus. Dit is nie net belangrik vir ’n goeie verstaan van Sondag 6 nie. Dit gee ook vir ons daardie troos waarvoor die kategismus so bekend is.

Kom ons gaan kyk waarom laat die Here Homself dan doop tussen klomp sondaars.

2. Die Middelaar tussen mense

Die begin van ons teksgedeelte beskryf vir ons waar ons Johannes die doper aantref. Hy is ’n eienaardige man met ’n kameelhaarkleed en sprinkaan en heuning dieet in die woestyn. Maar hy is ook die laaste ware profeet wat die stem in die woestyn word, wat roep “Maak die pad vir die Here gereed”.

Tog is ons eintlike belangstelling vanoggend die mense wat na Johannes toe aankom om gedoop te word. Hierdie mense is nie goeie mense nie. Johannes sê immers reguit vir die mense: “bekeer julle”. Selfs die geestelike leiers van die tyd, die Fariseërs en Skrifgeleerdes word negatief beskryf as ’n addergeslag.

En dan kom Jesus daar aan. Nou ons weet hoe die verwelkoming van sogenaamde BBP persone lyk. Ja in ons tyd word beroemde persone selfs gehuur om oor hulle geloofslewe in kerke te gaan praat. En dan weet ons hoe die aankoms en ontvangs lyk. Maar Jesus kom sommer hier uit die mense, die sondaar mense waarna ons vroeër verwys het na vore. En Hy soek geen spesiale behandeling nie.

Inteendeel Hy versoek Johannes om met Hom dieselfde te doen as met die ander mense wat volgens vers 6 hulle sondes bely. Hy wil gedoop word deur Johannes die doper. Johannes besef hierdie eienaardige versoek van iemand wat ver bo hom verhewe is. En daarom weier Hy aanvanklik om dit te doen. Maar Christus

is deel van die mense, hy moet soos ’n sondige mens hanteer word.

Volgens die antwoord op vraag 16 is Hy deel van die menslike natuur. Want dit is natuurlik die eerste vereiste aan ’n ware middelaar. ’n Middelaar moet uit die mense kom. Soos ’n ambassadeur kan ’n Middelaar nie van iewers ander af kom en eenvoudig namens die mense optree wat hy glad nie ken of verstaan nie. Daarom is hierdie eienaardige gebeure rondom die doop van Christus vir ons ’n bewys dat Hy ware mens is.

3. Die ware gesalfde

Maar dan is daar natuurlik ook die saak van Godheid. Een van die eienskappe waarin ons Godheid erken is sondeloosheid. Mense wens baie keer dat hulle nooit verkeerd kan optree nie. Sommige roem selfs valslik daarop dat hulle nooit verkeerd optree nie. Maar wanneer jy nooit ’n fout maak is jy nie meer mens nie maar God. Ons weet dat nie waar is vir enige mens wat ons vandag ken of wat selfs in die geskiedenis geleef het nie.

Tog is daar een mens waarvan dit wel waar is. Ons Here Jesus Christus. Want soos ons reeds in ons eerste punt duidelik gesien het, is Christus ’n mens uit die mense. Hy verstaan en beleef al die versoekings wat ons as mens ervaar. Net in die volgende gedeelte word Hy juis die woestyn in gelei om versoek te word om te sondig.

Maar Christus sondig nooit wat Hy is ook volmaak God. Die teenwoordigheid van die ander twee persone van die drie-eenheid maak dit vir ons duidelik. Eerstens is daar die Gees wat ten volle in Christus teenwoordig is. Dit is hy wat soos ’n duif neerdaal. Kalm wat Christus en die Gees is van dieselfde natuur. Daarom is dit anders as die tonge van vuur in handelinge 2 wanneer die Gees op mens uitgestort word.

Maar dan is daar ook die stem van die Vader. “Dit is my geliefde Seun in wie Ek ’n welbehae het.” Die Vader en die seun is ook van dieselfde natuur. Iets wat natuurlike kindskap aan ons openbaar. Jou kinders is dieselfde wese as jy. Dit is vandag juis vir ons baie bekend uit gevorderde studies in die veld van genetika.

Daarom omdat die Gees in Christus teenwoordig is soos in geen ander mens nie, is Hy die enigste ware gesalfde. Soos Hebreërs 12 vers 24 dit duidelik aan ons openbaar: “Jesus, die Middelaar van die nuwe testament”

Uiteindelik is die Jesus wat staan tussen die Ou en Nuwe Testament. Wat die twee aanmekaar bind. Dit word ook duidelik gesien in die karakter van die doop wat voortaan anders lyk in die Nuwe Testament.

4. Verlossing ook vir my en jou

Tog is dit uiteindelik nie die twee Testamente wat aanmekaar gebind word nie, nee daar is nog iets baie meer persoonlik. Christus is die ware Middelaar wat my en jou sondige lewe aan ons nuwe verloste lewe verbind. Ons weet dit is net moontlik, indien ons ongeregtighede voor die heiligheid van God verwyder word. En dit is presies wat die ware Middelaar kom doen. Hy kom sterf aan die kruis vir ons sondes en oortredinge.

Daarmee betaal Christus die prys, die straf vir ons sondes. Maar omdat, soos ons reeds gesê het, Hy God is en sonder sonde is, word hierdie betaling vir ons sonde toegereken.

Ons natuur as mense verander ook deur die werk van die middelaar. Ons word nie God nie. Tog is ons nuwe natuur wat wedergebore is uit die Here, in staat om teen die sonde te weg, en ook te oorwin. Dit kan gebeur omdat daardie doodse hou

vas wat die sonde op my lewe gehad het, gebreek is, in die verlossing van die Here.

Daarom is Christus nie net ’n middelaar nie, Hy is my en jou middelaar. Persoonlik kom red Hy ons uit in genade. Ons kan dit vandag ken en ervaar omdat ons die voorreg het om die heilige evangelie te kan bestudeer. Ja, selfs in die tyd waar inperking ons geloofsbelewing ernstig beïnvloed, kan ons steeds die Woord van die Here oopmaak en bestudeer.

Kom ons raak weer gereeld stil voor die woorde van verlossing, waarin ons verlossing ook geopenbaar word vandag. Persoonlike verlossing vir my en vir jou.

5. Slot

Ons sluit vandag hierdie preek af met die ’n vinnige kyk na die doop. Die doop waarmee Johannes die doper gedoop het, is nie dieselfde as wat ons vandag bely oor die sakrament van die doop nie. Wel dit is seker nie heeltemal waar nie, want beide is ’n teken en simbool van die verlossing uit die sonde. En ons weet dar die verlossing net by ons Here Jesus Christus lê. Dat dit net die sterwe en opstanding van die gekruisigde Middelaar is wat redding bring.

Maar dit is dan juis waar die verskil lê. Christus het nog nie gesterf en opgestaan wanneer Hy deur Johannes die doper gedoop word nie. Daarom alhoewel beide maniere van doop heenwys na die afwassing van die sondes in die bloed van die Here, kyk die doop in Johannes se geval vorentoe, terwyl die nuwe testamentiese doop wat ons vandag bedien natuurlik terug kyk.

Die laaste vraagstuk wat dikwels geopper word, is die feit dat ons bely dat Christus geen sonde gehad het nie, maar tog die bekeringsdoop ondergaan het. Maar soos ons duidelik in hierdie preek gesien het, is dit een van die maniere waarop Christus bevestig dat Hy ons sondes op Hom neem. Dat Hy as deel van die sondige menslike generasie vir ons die sondelose Middelaar is. Uiteindelik is daar geen ander middelaar soos Christus nie. Daar is geen ander Middelaar wat volkome God en volkome mense is nie.

Amen